



Gesonde gronde —

JOU WINGERDE SE EERSTE VERDEDIGING

DIE GROND WAAROP JOU WINGERDE STAAN, IS JOU EERSTE VERDEDIGINGSLINIE VIR KLIMAATSWERANDEKING. EN DIE MATE WAARTOE JY DIT VOORBEREI, BEPAAL OF JOU WINGERDE SAL FLOEER AL DAN NIE.

DEUR JANA LOOTS

I

IN GESPREKKE RONDON

klimaatsweraneking kom onderwerpe soos waterbestuur en droogtebestande wyndruifsoorte dikwels op en word heelwat energie daaraan bestee om inligting daaroor op te skerp en nuwe praktyke in te stel. Maar die grondslag van enige wingerd wat floreer en teen omgewingsweraneking opgewasse is, is die grond waarin sy wortels geanker is.

Suid-Afrika is 'n wêreldvoorloper wat betref die aanpassing by klimaatsweraneking, en meer spesifiek gesonde grondpraktyke voor en ná wingerdvestiging.

HOE LYK

KLIMAATSWERANERING?

“Vroeër het ons van aardwerwarming gepraat, maar klimaatsweraneking gaan oor meer as net die gemiddelde temperatuurwerhogings wat regoor die wêreld aangeteken word,” sê Heinrich Schloms, GIS-gronkundespesialis by Vinpro. Oor die lang termyn word 'n afname in volume en voorkoms van reën veral in die Wes-Kaap waargeneem. Uitskieters in klimaat soos ryp, hael, wind, droogtes en ongewone hittegolwe is meer intens en kom meer gereeld

voor, en kan 'n nadelige uitwerking op wingerde en wyndruiwe hê. Die getal koue-eenhede wat gedurende die winter opbou, is ook laer, wat die breek van dormansie benadeel.

“Parstyd breek in sommige streke vroeër aan en druiwe word oor 'n korter tydperk ingeneem, wat druk op produsente en kelders plaas en tot hoër suiker- en alkoholvlakke kan lei,” sê dr Johan van Zyl, medeprofessor in grondfisika aan die Universiteit Stellenbosch se departement grondkunde.

GROND SE ROL

“In die algemeen is volhoubare grondbestuur noodsaaklik om ons belangrikste natuurlike hulpbron te bewaar en gesond na te laat vir die volgende geslag,” sê Heinrich. “'n Goed gebufferde wortelstelsel is ons beste verdediging teen klimaatsverandering en om dit te verkry moet die grond fisies, chemies en biologies optimaal wees vir goeie wortelgroei. Hoe groter, dieper en meer kompleks 'n plant se wortelstelsel ontwikkel is, hoe beter gerat is dit om water en voedingstowwe op te neem, veral in stresvolle tye.”

Deeglike grondvoorbereiding voor plant is onontbeerlik om algemene beperkings in Suid-Afrika reg te stel, sê Johann. Dit voorkom ook onegalige groei, die uitsak van kolle in die wingerd, swak groei en produksie, en 'n verkorte wingerdleeftyd. “Bewerkingspraktyke in bestaande wingerde is net so belangrik om die organiese materiaal in die grond op te bou,” sê hy. “Dit verskaf ook 'n deklaag en verseker dat onkruid- of dekgewaskompetisie nie wingerde se produksie en gehalte benadeel nie. In die konteks van klimaatsverandering is deeglike grondvoorbereiding en -bewerking nou selfs belangriker.”

In teenstelling met heelwat ander lande, verskil Suid-Afrika se gronde drasties oor kort afstande en bied dit uitdagings vir wyndruiwverbouing. “Ons gronde is ook van nature vlak, verdig,

VERSORG JOU GRONDE,
EN JOU GRONDE SAL
JOU GEWASSE VERSORG.
MOENIE JOU WINGERDE
LUI MAAK NIE.

suur, brak en sanderig of kleierig, wat wortelindringing beperk,” sê Johan. “Gelukkig het navorsing in Suid-Afrika oor die afgelope 50 jaar hierdie probleme aangespreek en beskik ons bedryf nou oor duidelike aanbevelings, 'n verskeidenheid hulpmiddels en bekwame spesialiste wat produsente hiermee kan help.”

BESTE PRAKTYKE

“Versorg jou gronde, en jou gronde sal jou gewasse versorg,” sê Heinrich. Goeie grondbestuur begin met 'n ondersoek en monsterneming in 'n profielgat voor die wingerd geplant word. Dit help om beperkende lae te identifiseer en reg te stel deur grondvoorbereiding soos diep bewerking, operd, dreinerings of die vorming van terrasse. “Dis belangrik om daarop te let dat gronde nie reggestel kan word nadat die wingerd geplant is nie,” sê Johan.

Tydens diep bewerking moet gronde tot 'n diepte van 80 tot 100 cm losgemaak word tot dit 'n growwe krummelstruktuur het. Maak seker dat ongunstige ondergrond nie na die oppervlak gebring word of dat grondbanke nie in groot kluite opgebreek word nie. Beperk daarna die verkeer op die los grond om herverdigting te voorkom. “Sekere ameliorante soos kalk en fosfaat wat min in die grond beweeg, moet met grondvoorbereiding toegedien word,” sê Johan. “Die grondontledings sal aandui hoeveel van hierdie byvoegings nodig is.”

Ná wingerdvestiging volg grondbewerkingspraktyke soos die kweek van dekgewasse in die winter en behoud daarvan in die somer as 'n dooie deklaag op die grond. “Omvangende riglyne rondom die gebruik van dekgewasse in verskillende streke – insluitend saaidigtheid, droëmateriaalproduksie, doodspuit daarvan en die impak van verskillende implemente – stel produsente in staat om grondvog te bewaar, 'n goeie grondstruktuur te skep, onkruid te onderdruk, en eindelik produksie en gehalte te verhoog,” sê Johan.

Dekgewasse help ook om organiese koolstof, 'n vereiste vir gesonde gronde, vas te lê. “As dekgewasse aan die begin van die lente platgerol word, wanneer die wingerd se wateropname verhoog, help die deklaag om verdamping te beperk en die grondtemperatuur te verlaag,” sê Heinrich.

Organiese materiaal word afgebreek en koolsuurgas word deur mikrobes vrygestel wanneer grond fisies bewerk word. Daarom word produsente aangeraai om bewerking van gronde en

dekgewasse in die winter te doen en nie-groeiende deklae in die somer minimaal toe te pas.

“Met dit alles in gedagte, onthou om nie jou wingerd lui te maak nie,” sê Heinrich. “Wag so lank as moontlik voordat jy die eerste besproeiing in die lente toedien. Dit sal die wortels aanmoedig om water dieper te soek en wortelgroei na die ondergrond stimuleer. Oorbewatering kan tot 'n klein wortelstelsel lei, aangesien die wingerd deurlopend sy water in die bogrond kry. As 'n droogte jou wingerd tref, is sy wortels nie in staat om water diep ondergronds te gaan haal nie.” ♦

VOORLOPERS

“Suid-Afrika is wêreldleiers as dit kom by grondvoorbereiding – heel moontlik uit noodsaaklikheid omdat ons gronde so kompleks en divers is,” sê Heinrich. “Omdat ons van nature 'n baie warm, droë waterskaarsland is, moet ons ook 'n toegewyde poging aanwend om organiese koolstof op te bou.”

“Die wynbedryf het oor dekades heen hard gewerk aan maniere om ons beperkings te oorkom vir gesonder, meer volhoubare gronde,” sê Johan. “Deur goeie samewerking tussen navorsingsinstansies en die bedryf kon ons wêreldstandaarde vir effektiewe grondvoorbereiding en -bewerking daarstel.”

Johan en dr Eduard Hoffman, ook van die Universiteit Stellenbosch se departement grondkunde, het internasionaal erkenning gekry vir hul publikasie, *Soil preparation for sustainable wine and table grape production*, wat praktiese grondvoorbereidingsriglyne saamvat. Die Organisasie vir Wingerd en Wyn (OIV) het die boek in 2020 vereer in die kategorie volhoubare wingerd- en wynkunde. Nog 'n publikasie, dié keer oor grondbewerking, sien eersdaags die lig.